SENIORS EN JEUG KRY AANDAG

SKW JAARVERGADERING IN ST. JOHANNIS HEIM

Die **Streekkonferensie Wes** het vir sy jaarvergadering op 14 September 2002 in die St. Johannis Heim te Parow, heel gepas, die versorging van senior-burgers as hooftema gekies. Daarbenewens het die aanbieding oor jeugwerk lewendige belangstelling ontlok.

VERSORGING VAN SENIORS

Die voorsitter van die Bestuurskomitee van die St. Johannis Heim, **Prof Reino Ottermann,** het kortliks die Heim se wordingsgeskiedenis geskets en die bydraes van Dr W H C Hellberg and Mnr G Blaich uitgelig. Hy het al die voltydse en vrywillige werkers bedank, asook die gemeentes vir hulle bydraes. **Pastor em. Gerhard Plüddemann**, uittredende hoof na 8½ jaar, het verwys na die uitdaging van geestelike aanvaarding en voorbereiding asook voorsiening vir die ouderdom, en die rol van 'n ouetehuis: "Selfs die bes-bedoelende familie kan dikwels later nie meer die nodige spesiale sorg van die ouer persoon vervul nie."

Suster Aletta Louw, Departement van Gesondheid, het die regsposisie rondom die misbruik van bejaardes toegelig en teenmaatreëls genoem. Misbruik mag fisies, emosioneel en psigologies, finansieel of seksueel wees, en kan deur nalatigheid of deur vertrouensbreuk geskied.

Suster Bettina Sinn, nuwe onderhoof van die Heim, het die proses van toelating geskets. Sy het verwys na probleme wat ontstaan en hoe die Heim probeer om die voorbereidings, die intrekproses asook die emosionele aanpassing so glad as moontlik te laat verloop.

Die nuwe hoof (voorheen matrone), **Me Elisabeth Kliem**, het in haar aanbieding die vier vernaamste bestuursuitdagings beskryf. Die hele bedryf moet doeltreffend aan die gang gehou word, 24 uur per dag, 365 dae per jaar, en alle soorte noodgevalle hanteer word. Daar moet aan al die wette oor arbeid en inwonerversorging voldoen word. Verder moet daar voldoende personeel wees (±75) om al die verskillende take te verrig; hulle moet opgelei en gemotiveerd wees. Die afdeling vir verswakte bejaades bied 'n besondere uitdaging, veral t.o.v. die mediese aspek.

Suster Elmarie Breytenbach het uit eie ervaring 'n aanskoulike beeld geteken van die veelsydige alledaagse praktiese aspekte en die uitdagings van haar werk as 'n geregistreerde suster. Sy moet op velerlei wyse en in wisselende omstandighede omsien na die personeel se werkverrigting en opleiding, die inwoners se fisiese en emosionele welsyn, asook die skuldgevoelens van familie. Noukeurige rekords moet gehou en finansiële uitgawes verantwoord